Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

**10 April 2025**
**Kw. 2 NUUSBRIEF 1**

## WELKOM TERUG

Welkom terug vir die tweede kwartaal. Die Gholfdag lê voor en vir die kleuters beteken dit ook 'n opwindende Herfs-uitstappie na die gholfbaan!

Ouerafsprake vind hierdie kwartaal plaas en ons gesels graag met u in belang van u kleuter.  Dit is baie belangrik dat kwelpunte ten opsigte van 'n kleutertjie se vordering so gou as moontlik hanteer en reggestel moet word om hul ontwikkeling en skoolgereedheid te bevorder.

Saam met die seisoenwisseling neem die loopneusies toe.  Onthou dat mamma of pappa elke oggend vóór skool asseblief self u kleuter se neusie goed skoon moet uitblaas, hul kan dit nog nie self goed doen nie en voel dan ongemaklik by die skool. Bemagtig hul wel om dit self te leer doen, want vuil neusies lok soms spot uit.





Waak daarteen om hul té gou té warm aan te trek,  kleuters beweeg rond en lyfies wat sweet word maklik siek. Hul mag bo-klere uittrek by die skool, maar nie een stel klere uittrek en 'n ander stel aantrek nie! Ook nie tekkies aan en uit en aan en uit nie. Wintersdrag word stelselmatig infasseer volgens die weer. Tjokkies winterdrag is 'n navy quantex sweetpakbroek, die rooi Tjokkie top en rooi softshell  Tjokkie baadjie met tekkies.

Soos die koue toeneem, bied ons ook kombersies aan vir die middagmaatjies wat rus.  Hier is genoeg vir almal.

**Moet asseblief nié komberse skool toe stuur nie, dit neem te veel plek.**

Ook liefs geen warmsakkies nie asseblief!

**Tekkies:** Maak asseblief <u>dubbelknope.</u> Dit is ook nou tyd vir Gr R om te begin leer hoe om veters vas te maak.

# Oueraand

Donderdag, 8 Mei om 18:00

Alle kleuters neem aan 'n kort klasitem deel en meld om 17:45 by hul klasse aan waar hulle weer na afloop van die vergadering afgehaal kan word.

**Kleuters** kom met 'n denim, tekkies en enige t-hempie. Hulle trek by die klas 'n ander hempie aan vir die optrede.

Sekuriteit is gereël - parkeer asseblief sovêr moontlik op die skoolterrein (Hek 1 en 2), of in Rossstraat.

*Dis belangrik dat alle ouers daar is, die aand sal so kort as moontlik gehou word.*

# Bederfdag

Die Tweede Kwartaal se Bederfdag fooi van R100 is betaalbaar en word via Karri gehef. Almal eet heerlik saam, onthou asseblief van hierdie verpligting.

Die Karri-inbetaling vir die tweede kwartaal open volgende week.

# Tjokkies ITEC GHOLFDAG 2025

Baie dankie aan ouers wat reeds vorms/bydraes begin instuur het.

**Ons herinner ALLE ouers graag aan die volgende:**

1. **Skenkingsvorm (Geel blaai):**

   Die skenkingsvorm wat einde laas kwartaal in die briewesak huistoe gestuur is, moet asseblief **voor Donderdag, 24 April ingedien** word. Ons waardeer enige skenking. (Items kan later inkom, maar álle vorms asseblief voor Donderdag vir kontrole asb.)

2. **Kleuter-borgspeletjie:**

   U het nog tyd tot 15 Mei om hierdie borgvorm te voltooi. Meer as een vorm per gesin mag voltooi word. Sodra 'n vorm voltooi is en die bedrag op Karri inbetaal is, kan die vorm teruggestuur word skool toe. Kleuters ontvang 'n dankie-sê geskenkie vir elke vorm. **Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie projek.**

# OUERAFSPRAKE

**Sien elke klasjuffrou se tydrooster op die klasgroepe. Indien daar nie 'n geskikte tydgleuf vir u is nie, kontak die klasjuffrou asseblief vir 'n spesiale reëling.**

# Merk van besittings

Maak asseblief seker dat u kleuter se klere, kosblik, ensovoorts duidelik gemerk is. Indien iets verlore raak kan u daarvoor gaan soek in die "Soek-en-vind" krat op die Groenklas se stoep. Daar is nog 'n oorloop van Tjokkie klere van vorige jare, gaan kyk en neem asseblief vir u kleuter of iemand wat u ken wat dit nodig het. Ons wil graag die krat leeg maak voor die winter.

# Departementele Boekies

U het reeds Boekie 2 ontvang. Enige uitstaande Boekie 1 kan dadelik teruggestuur word, al is dit nie voltooi nie. Slegs die boekie, <u>geen uitknipsels of los werkies nie.</u>




# Noodsaaklike reëling

**Hierdie reëling is al voorheen deurgegee en ons vra asseblief die samewerking van betrokke ouers in die verband:**

- **Die klokkie by die hek mag in die middae eers na 3 uur gelui word, asseblief nie vóór 3 nie.**
- **M.a.w kleuters wat vir buitemuurs terugkom kan nie vóór 3 uur ingelaat word nie.**
- **<u>Middagkleuters moet ook nie voor 3 uur afgehaal word nie.</u>**

**Die rede hiervoor is dat die middagjuffrouens op daardie tydstip met hul onderskeie voldag-groepe besig is en nie heen en weer hek toe kan gaan en die groepe alleen los nie.**

**Baie dankie vir u begrip.**

'n Tweede kwartaal kalender word vandag uitgestuur. Kyk gerus na die aktiwiteite en vakansiedae om op hoogte te bly.



# Naam-skryf week





Naam-skryf week word uitgestel na die week van 22 - 25 April.

**<u>Ons sluit Vrydag 25 April naam-skryf week af met 'n aantrekdag:</u>**

*Trek aan soos iets of iemand wat met dieselfde letter as jou naam begin.*

## Maandae is Rooi-Maandag!





**Die nuwe rooi Kaalvoet-hempies kan nou tot die end van die jaar op Maandae aangetrek word. Al word die dae kouer, kan kleuters dit steeds aantrek met 'n langmou t-hempie onderaan. Rooi sal die mooiste lyk, maar indien 'n kleuter nie rooi het nie, is navy of wit onderaan ook geskik.**

**Gr R Doelwitte vir die kwartaal**

Die doelwitte gee vir u 'n aanduiding wat u Gr R-kleuter hierdie kwartaal moet bemeester. Dit is reeds verlede kwartaal in die briewesakke huis toe gestuur.





# Kermis

## Inligting van belang:

# Aloha

**Donderdag, 17 April in skooltyd (08:00 – 12h30)**

Ter viering van Tjokkies se 55ste bestaansjaar
Gr RR tot Gr 7 is deel daarvan
Die Kermis is vir almal - kinders, ouers, grootouers, familie en vriende
Die dag behels speletjies en kos stalletjies
'n Kaartjie om aan die speletjies deel te neem is R100 per kind
Die Kleuterskool se stalletjie is die koeldrank en water verkope met 'n Hawai tema
Ons gaan ouers vra om te help met die verkope, 'n rooster sal opgestel word

Let wel: Ons was nog nie voorheen betrokke by 'n dag soos hierdie, met so formaat nie

Ons kleuters is nog klein en kan nie aan hulself oorgelaat word nie.

Om kontrole oor158 kleuters op so 'n dag te hê, is nie 'n maklike uitvoerbare taak tussen 900 ander kinders en grootmense nie.

**<u>Wat gaan ons doen?</u>**

Die dag gaan nie 'n normale skooldag wees nie

Sodra die skool vir die Tweede Kwartaal begin, sal ons 'n POLL met die volgende opsies vir u as ouers plaas.

- Ek bring my kleuter self kermis toe aangesien dit nie 'n skooldag is nie.
- Ek hou my kleuter tuis vir die dag.
- My kleuter moet by die kleuterskool onder een personeellid se toesig bly.

Tog beloof dit om 'n prettige dag te wees en hoop ons dat almal sal kan deelneem.

Kermis groete, Tjokkie Personeel